REGSTELLINGSKENNISGEWING : HEROMSKRYWING VAN DIE JURISDUKSIEGEBIED VAN DIE WARMBAD OORGANGSRAAD : WYSIGING VAN PROKLAMASIE 1 VAN 1995 (GEDATEER 4 JANUARIE 1995)

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen, in terme van Artikel 10 (2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), soos gewysig, gee ek hiermee kennis dat ek;

(a) Die jurisduksiegebied van die Warmbad Oorgangsraad soos omskryf in paragraaf 3 van Proklamasie No. 1, 1995 (dateer 4 Januarie 1995) wysig, deur die insluiting van die volgende grondgedeeltes soos beskryf in die Bylae hierby.

(b) Onttrek Goewermentskennisgewing 1641 van 1964 gedateer 23 Oktober 1964 dienooreenkomstig.

R. J. DOMBO,
Lid van die Uitvoerende Raad.

BYLAE

Gebiede wat ingesluit word soos aangedui op meegaande kaart gemerk Warmbad 3A gedateer 25/07/95:

1. Bela-Bela dorpsgebied geleë op Gedeeltes 1, 2 en 3 van die plaas Belabela 598-KR soos aangedui op Kaarte LG No A3774/86, LG No A3775/86 en LG No A3776/86 respektiewelik.

2. Bela-Bela Uitbreiding 1 geleë op Gedeelte 1 van die plaas Belabela 611-KR soos aangedui op Kaart LG No A4448/1991.

3. Bela-Bela Uitbreiding 2 geleë op Gedeelte 1 van die plaas Belabela 627-KR soos aangedui op Kaart LG No A4565/1992.

4. Bela-Bela Uitbreiding 3 geleë op Gedeelte 3 van die plaas Belabela 627-KR soos aangedui op Kaart LG No A5682/1993.

5. Bela-Bela Uitbreiding 4 geleë op Gedeelte 2 van die plaas Belabela 627-KR soos aangedui op Kaart LG No A683/1993.

6. Bela-Bela Uitbreiding 5 geleë op Gedeelte 1 van die plaas Belabela 647-KR soos aangedui op Kaart LG No A5079/1994.

7. Restant van die plaas Belabela 647-KR soos aangedui op Kaart LG No A5224/1994.

8. Restant van die plaas Belabela 611-KR soos aangedui op Kaart LG No A4447/1991.


GROTER WARMBAD
GREATER WARMBATHS
OORGANGSRAAD
TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL
WYSIGING VAN REGSGEBIED
AMENDMENT OF AREA OF JURISDICTION
GEBIED OM INGESLUIT TE WORD
AREA TO BE INCORPORATED
0m 250 500 750 1000 1250m
SKAAL/SCALE
BUISKOP 464 - K.R.
BUISKOP 464 - K.R.
ROODEKUIL 498 - KR
HET BAD 465 - K.R.
VERW/REF : WARMBAD/WARMBATHS 3A
DATUM/DATE : 25/07/95

PROCLAMATION

LAND, HOUSING AND LOCAL GOVERNMENT

No. 51, 1995

REPEALING OF PROCLAMATION NO 10/1995 DATED 6 FEBRUARY 1995 AND PROCLAMATION NO 30/1995 DATED 26 JUNE 1995 AND ESTABLISHMENT OF NORTHERN DISTRICT COUNCIL, BOSVELD DISTRICT COUNCIL AND TRANSITIONAL LOCAL COUNCILS IN THE NORTHERN PROVINCE.

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT NO 209 OF 1993)

Under section 10(2) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No 209 of 1993), as amended, I hereby make the enactments as contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pietersburg this Twenty-eighth day of July, One thousand Nine hundred and Ninety-five.

R J DOMBO
Member of the Executive Council

SCHEDULE

CHAPTER 1

Repealing of Proclamation No 10/1995 dated 6 February 1995 and Proclamation No 30/1995 dated 26 June 1995:

1. Proclamation no 10/1995 dated 6 February 1995 and proclamation No 30/1995 dated 26 June 1995 are hereby repealed on the date on which this proclamation comes into operation.

CHAPTER 2

Disestablishment of Services Councils and Transitional Councils for a rural area of Local Government

2. (1) The Northern Transvaal Services Council and the Bosveld Services Council established in terms of Proclamation 10/1995 are hereby disestablished.

(2) The Transitional Councils for a Rural Area of Local Government promulgated in terms of Section 12 of Proclamation No 10/1995 dated 6 February 1995 as contained in Annexure A are hereby disestablished.

CHAPTER 3

Demarcation of Northern Province into districts

3. The Northern Province is hereby demarcated into six districts namely:

Central District	-	district 1
Northern District	-	district 2
Lowveld District	-	district 3
Southern District	-	district 4
Western District	-	district 5
Bosveld District	-	district 6

~~(A map reflecting these districts as well~~ as a point to point description of the districts is attached as Annexure B).

CHAPTER 4

ESTABLISHMENT OF DISTRICT COUNCILS

Northern District Council and Bosveld District Council

4. The Northern District Council and the Bosveld District Council are hereby established in terms of section 10 (3) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No 209 of 1993), with effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereinafter referred to as the effective date).

Boundaries

5. The area of jurisdiction of Northern District Council comprises districts 1, 2, 3 and 4 and the area of jurisdiction of Bosveld District Council comprises districts 5 and 6 as reflected on the map referred to in section 3.

Constitution

6. (1) For the pre-interim phase as contemplated in Part IV of the Local Government Transition Act, 1993, the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government shall appoint 24 members to serve on Northern District Council and Bosveld District Council established under section 4 respectively.

(2) After the Local Government elections have taken place,

(a) each local government body within the area of jurisdiction of the district councils established under section 4 shall nominate one councillor to serve on the district councils.

(b) some or all of the following interest groups as approved by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government may be accommodated in the District Councils:

(i) Farmers, landowners or levy-payers
(ii) Farm labourers
(iii) Women and
(iv) Traditional leaders

Provided that

at least one member shall be nominated by each interest group under the following conditions:

- No single interest group shall nominate a number of members which exceeds 10% of the total number of members to be nominated in terms of subsection 2(b) above.

- the total number of members nominated by interest groups shall not exceed 20% of the total number of members to be nominated in terms of subsection 2(b) above.

(3) A member of a district council shall hold office until -

(a) he/she resigns;
(b) he/she ceases to be a member of a local government body or interest group
(c) a local government body or interest group withdraws his/her nomination in which case such a local government body or interest group shall nominate another member in the district council.

(4) A chairperson for each district council shall be appointed by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government of the Northern Province.

(5) The members of a district council shall elect from its members a deputy chairperson at the first meeting of the council and thereafter at the first meeting of each calendar year.

(6) A district council shall appoint a management committee at the first meeting of the council and thereafter at the first meeting of each calendar year, and such a management committee shall consist of the chairperson of the district council, the deputy chairperson of the district council and three other members of the district council elected by the council.

(7) The remuneration, allowances and travelling expenses of the chairperson and other members of a district council shall be determined by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government.

(8) A quorum for a district council at its meetings shall consist of 50% plus one of the total number of its members.

(9) Every member in the district council shall have one vote.

(10) A two-third majority of the members present at a meeting of a district council will be needed to pass a resolution of the council.

Functions, powers and duties of district councils

7. (1) The district councils shall for all purposes deemed to be a local government in terms of the Local Government Ordinance, 1939, as well as a transitional council in terms of section 16 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No 209 of 1993)

(2) A district council shall in the rendering of its functions give preference to -

(a) the establishment, improvement and maintenance of infrastructural services and infrastructural facilities;

(b) the rendering of local government functions on a regional basis where it is more cost effective as would be the case if a transitional local council renders such a service by itself;

(c) the rendering of primary local government functions in the areas of jurisdiction of those Transitional Local Councils mentioned under Chapter 5, subject thereto that the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government may entrust certain or all primary local government functions to a Transitional Local Council if he is satisfied that such a Transitional Local Council is able and competent to render such functions or withdraws such entrustment if a transitional local council fails to perform its functions.

(d) the administering of local government elections in the area of jurisdiction of those Transitional Local Councils mentioned under Chapter 5 or other Transitional Local Councils as determined from time to time by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government according to the Local Government Elections Regulations.

(e) The district councils shall, under section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No 15 of 1986), and the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance no 20 of 1986), be authorised local authorities for the purpose of the said Ordinances in the area as described in Chapter 5.

(f) The district councils shall be local authorities as contemplated in Part 2 of the Sixth Schedule of the Local Government Ordinance, 1939 in the area as described in Chapter 5.

(3) Notwithstanding Administrator's Notice No 120/1994 published in the *Provincial Gazette* of 13 April 1994, the district councils shall for the purpose of section 2 (1) of the Business Act, 1991 (Act No 71 of 1991), deemed to be a licensing authority for the areas as described in Chapter 5.

(4) A district council shall execute the following specific functions, powers and duties:

(a) The powers and duties mentioned in Schedule 2 of the Local Government Transition Act, 1993.

(b) the functions, powers and duties mentioned in the Regional Services Councils Act, 1985, as amended;

(c) the functions, powers and duties mentioned in section the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989, and

(d) the implementation of the Reconstruction and Development Programme for the Rural Area.

(5) Subject to the provisions of any law pertaining to local authorities, a district council may delegate any of its functions, powers and duties and the execution of any law applicable to the said district council to a committee or any person in the service of its administration.

(6) The Northern Province shall allocate an amount determined by its department responsible for finance to the district councils for the rendering of functions in those areas which, before 6 February 1995 were outside the area of jurisdiction of the respective regional services councils.

Accountability.

8. The chief executive officer/town clerk of each district council shall, for the purposes of this Proclamation, perform all the functions, powers and duties assigned to a chief executive officer/town clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, the Local Government Ordinance, (Administration and Elections), 1960 the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No 16 of 1970), or any other law or any resolution of the disestablished Services Councils, Health Committees and the Local Government Affairs Council.

Employees and officers of the district councils.

9. The personnel of the disestablished Services Councils, Health Committees and Local Area Committees shall, as from the effective date, deemed to be personnel of the respective district councils subject to the provisions of section 10 (3) (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

.Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and legal succession (successor-in-law).

10. (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the disestablished Services Councils, Health Committees and Local Area Committees shall, as from the effective date, for the purposes of this Proclamation, be transferred to the respective district councils.

(2) The district councils shall, as from the effective date, for the purposes of this Proclamation, deemed to be the successor-in-law of the disestablished Services Councils, Health Committees and the Local Government Affairs Council.

By-laws, regulations, statutory notices and delegations

11. Subject to the provisions of this Proclamation, all by-laws, regulations, resolutions, statutory notices and delegations of the disestablished Services Councils, Health Committees and The Local Government Affairs Council which immediately before the effective date were applicable in any area of the said disestablished local government bodies, shall remain in force in such areas, subject to any repeal or amendment of such by-laws, regulations, resolutions, statutory notices and delegations by the district councils.

CHAPTER 5

TRANSITIONAL LOCAL COUNCILS

Establishment of Transitional Local Councils

12. (1) Transitional local councils shall be established and proclaimed as deemed necessary by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government in terms of section 10 (3) of the Local Government Transition Act, 1993, as amended

(2) In accordance with the provisions of subsection (1), Transitional Local Councils as listed in Annexure "C" are hereby established.

(3) In accordance with the provisions of section 10(3)(g) of the Local Government Transition Act, 1993, (Act 209 of 1993), as amended, (duly authorised by Cabinet decision 80/1994 dated 25 October 1994), the Transitional Local Councils mentioned under subsection (2) are hereby demarcated into wards as indicated in Annexure D respectively.

Constitution of Transitional Local Councils

13. (1) Each transitional local council as listed in Annexure "C" shall, within forty days after the local government elections, at a special meeting of the council, elect a chairperson and vice chairperson for each council from the members of each council in the manner prescribed for the election of a mayor and deputy mayor in sections 16 and 17 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The chief executive officers of the district councils shall respectively act as chief executive officer/town clerk for the purposes of sections 16 and 17 of the Local Government Ordinance, 1939, for each of the councils established in terms of section 12.

Allowances of members

14. The members of the transitional local councils established in terms of section 12 shall receive remunerations,allowances and travel expenses as determined by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government.

Functions, powers, duties and rights

15. The functions, powers, duties and rights of the transitional local councils established in terms of section 12 shall be in accordance with the provisions of Section 7 (2) (c) hereabove.

Finances

16. (1) The income of the transitional local councils established in terms of section 12 shall consist of -

(a) own sources of income as approved by the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government;

(b) allocations from the respective district councils;

(c) allocations from the Northern Province

(2) For the purposes of this Proclamation, the provisions of section 12 *ter* of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, *mutatis mutandis* apply.

Pre-interim arrangements for the Transitional Local Councils for a rural area in the Northern Province.

17. Notwithstanding the provisions of Section 2(2) hereabove, the Transitional Councils for a rural area of local government as proclaimed under Proclamation no 10/1995 shall, subject to the provisions of Section 18 hereunder, continue to exist for the pre-interim phase as contemplated in the Local Government Transitional Act, 1993 , as amended.

18. During the pre-interim phase the provisions of Sections 12, 13, 14, 15, 16 and 17 of the repealed Proclamation no 10/1995 dated 6 February 1995 as amended by Proclamation no 30/1995 dated 26 June 1995 shall be deemed to be applicable to the Transitional Councils for rural area of local government as proclaimed in the said Proclamation no 6/1995.

CHAPTER 6

LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS COUNCIL

Absolvement of functions, powers and duties of Local Government Affairs Council

19. (1) The local government affairs council shall, notwithstanding any provisions contained in the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989 (Act No 84 of 1989), and the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No 20 of 1943), from the effective date, be absolved from exercising any of its functions, powers and duties in respect of the area described in section 5.

(2) The district councils shall for all purposes deemed to be the successor-in-law of the Local Government Affairs Council in respect of any power, function, duty, asset, right, obligation and liability within the area of the district councils as mentioned in section 5.

(3) Notwithstanding the provisions of section 159*bis* (2) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No 17 of 1939), all resolutions, by-laws, delegations, town-planning schemes and statutory notices of the Local Government Affairs Council and the Health Committees pertaining to the areas mentioned in section 5 shall remain in force in the said areas, until amended or repealed by the district councils.

(4) In the event of the apportionment of any assets, rights and liabilities, including the taking over by the district councils or any employees in respect of the areas mentioned in section 5 the provisions of section 159*bis* of the Local Government Ordinance, 1939, shall *mutatis mutandis* apply.

CHAPTER 7

GENERAL

Number of District Councils

20. Notwithstanding the provisions of this Proclamation that two district councils are established in terms of section 4, the Member of the Executive Council for Land, Housing and Local Government may decrease or increase the number of district councils during the interim phase as provided for in the Local Government Transition Act, 1993.

Third-tier functions rendered by the former Transvaal Provincial Administration, Venda, Gazankulu and Lebowa

21. (1) Subject to the provisions of Section 7(2)(c) local government functions rendered by the former Venda, Gazankulu, Lebowa and Transvaal Provincial Administration are hereby entrusted to the district councils.

(2) The apportionment of any assets, rights and liabilities, including the taking over of any employees and financial arrangements in respect of the areas mentioned in subsection (1) shall be done by a commission appointed by the Member of Executive Council for Land, Housing and Local Government.

Effective date

22. This Proclamation shall come into operation on

PROKLAMASIE

GRONDSAKE, BEHUISING EN PLAASLIKE BESTUUR

No. 51, 1995

HERROEPING VAN PROKLAMASIE NO 10/1995 GEDATEER 6 FEBRUARIE 1995 EN PROKLAMASIE NO 30/1995 GEDATEER 26 JUNIE 1995 EN INSTELLING VAN NOORDELIKE DISTRIKSRAAD, BOSVELD DISTRIKSRAAD EN PLAASLIKE OORGANGSRADE IN DIE NOORDELIKE PROVINSIE

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING 1993
(WET NO 209 VAN 1993)

Ingevolge artikel 10(2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993 (Wet No 209 van 1993), soos gewysig, vaardig ek hiermee die maatreëls in die Bylae hiertoe uit.

Gegee onder my Hand te Pietersburg hierdie Agt-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd vyf-en-negentig.

R. J. DOMBO
Lid van die Uitvoerende Raad

BYLAE
HOOFSTUK 1

Herroeping van Proklamasie No 10/1995 gedateer 6 Februarie 1995 en Proklamasie No 30/1995 gedateer 26 Junie 1995:

1. Proklamasie no 10/1995 gedateer 6 Februarie 1995 en proklamasie no 30/1995 gedateer 26 Junie 1995 word hiermee herroep op die datum van die inwerkingtreding van hierdie proklamasie.

HOOFSTUK 2

Ontbinding van Diensterade en Oorgangsrade vir 'n landelike gebied van Plaaslike Regering

2. (1) Die Noord-Transvaal Diensteraad en die Bosveld Diensteraad gestig ingevolge Proklamasie 10/1995 word hiermee ontbind.

(2) Die Oorgangsrade vir 'n Landelike Gebied van Plaaslike Regering gepromulgeer ingevolge Artikel 12 van Proklamasie No 10/1995 gedateer 6 Februarie 1995, soos vervat in Aanhangsel A, word hiermee ontbind.

HOOFSTUK 3

Afbakening van Noordelike Provinsie in distrikte

3. Die Noordelike Provinsie word hiermee afgebaken in ses distrikte naamlik:

Sentrale Distrik	-	distrik 1
Noordelike Distrik	-	distrik 2
Laeveld Distrik	-	distrik 3
Suidelike Distrik	-	distrik 4
Westelike Distrik	-	distrik 5
Bosveld Distrik	-	distrik 6

('n Kaart waarop hierdie distrikte aangedui is asmede 'n punt tot punt beskrywing van die distrikte word aangeheg as Aanhangsel B).

HOOFSTUK 4

STIGTING VAN DISTRIKSRADE

Noordelike Distriksraad en Bosveld Distriksraad

4. Die Noordelike Distriksraad en die Bosveld Distriksraad word hiermee ingevolge die bepalings van artikel 10 (3) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993 (Wet No 209 van 1993), met ingang van die datum waarop hierdie Proklamasie in werking tree, ingestel (hierinlater na verwys as die effektiewe datum).

Grense

5. Die regsgebied van die Noordelike Distriksraad bestaan uit distrikte 1, 2, 3 en 4 en die regsgebied van Bosveld Distriksraad bestaan uit distrikte 5 en 6 soos aangedui op die kaart waarna verwys word in artikel 3.

Samestelling

6. (1) Vir die pre-interim fase soos aangedui in gedeelte IV van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, sal die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake Behuising en Plaaslike Regering, 24 lede aanwys om te dien op die Noordelike Distriksraad en die Bosveld Distriksraad, gestig ingevolge Artikel 4 respektiewelik.

(2) Nadat die Plaaslike Bestuursverkiesings plaasgevind het,

(a) sal elke plaaslike bestuursliggaam binne die regsgebiede van die distriksrade gestig ingevolge artikel 4, een raadslid nomineer om in die distriksrade te dien.

(b) sommige of al die volgende belangegroepe soos goedgekeur deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur mag in die distriksrade geakkommodeer word:

(i) Boere, grondeienaars of heffingspligtiges
(ii) Plaasarbeiders
(iii) Vroue en
(iv) Tradisionele leiers

Met dien verstande dat

ten minste een lid deur elke belangegroep genomineer sal word onder die volgende voorwaardes:

- Geen enkele belangegroep sal 'n aantal lede nomineer wat 10% van die totale aantal lede wat genomineer mag word in terme van subartikel (2) hierbo oorskry nie.

- die totale aantal lede genomineer deur belangegroepe sal nie 20% van die totale aantal lede wat genomineer mag word ingevolge subartikel (2) hierbo oorskry nie.

(3) 'n Lid van 'n distriksraad sal sy amp beklee totdat

(a) hy/sy bedank
(b) hy/sy ophou om 'n lid van 'n plaaslike bestuursliggaam of belangegroep te wees
(c) 'n plaaslike bestuursliggaam of belangegroep sy of haar nominasie onttrek in welke geval so 'n plaaslike bestuursliggaam of belangegroep 'n ander lid in die distriksraad sal nomineer.

(4) 'n Voorsitter vir elke distriksraad sal deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur in die Noordelike Provinsie aangestel word.

(5) Die lede van 'n distriksraad sal uit sy lede 'n ondervoorsitter tydens die eerste vergadering van die Raad en daarna by die eerste vergadering van elke kalenderjaar verkies.

(6) 'n Distriksraad sal 'n bestuurskomitee aanstel by die eerste vergadering van die Raad en daarna by die eerste vergadering van elke kalenderjaar, en so 'n bestuurskomitee sal bestaan uit die voorsitter van die distriksraad, die Ondervoorsitter van die distriksraad en drie ander lede verkies deur die distriksraad.

(7) Die vergoeding, toelaes en reiskoste van die voorsitter en raadslede van 'n distriksraad sal vasgestel word deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur.

(8) 'n Kworum van 'n distriksraad by vergaderings sal bestaan uit 50% plus een van die totale aantal lede.

(9) Elke lid van die distriksraad sal een stem hê

(10) 'n Twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig op 'n vergadering van 'n distriksraad sal benodig word om 'n besluit te neem.

Funksies, magte en pligte van distriksrade

7. (1) Die distriksrade sal vir alle doeleindes geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, (Ordonnansie 17 van 1939), sowel as 'n oorgangsraad ingevolge artikel 16 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No 209 van 1993) te wees.

(2) 'n Distriksraad sal in die uitvoering van sy funksies voorkeur gee aan -

(a) die daarstelling, verbetering en instandhouding van infrastruktuurdienste en infrastruktuur fasiliteite;

(b) die lewering van plaaslike bestuursfunksies op 'n streeksbasis waar dit meer koste-effektief is as wat die geval sou wees indien 'n plaaslike oorgangsraad so 'n diens self sou verrig.

(c) die lewering van primêre plaaslike bestuursfunksies in die jurisdiksiegebiede van daardie Plaaslike Oorgangsrade genoem onder Hoofstuk 5, onderworpe daaraan dat die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur, enige of al die primêre plaaslike bestuursfunksies aan 'n Plaaslike Oorgangsraad mag opdra indien hy oortuig is daarvan dat so 'n Plaaslike Oorgangsraad bevoeg en bekwaam is om sodanige funksies te verrig, of die bevoegdheid terugtrek indien so 'n Plaaslike Oorgangsraad nie meer bekwaam en bevoeg is om die funksies te verrig nie.

(d) die administrasie van plaaslike bestuursverkiesings in die regsgebied van daardie Plaaslike Oorgangsrade genoem in hoofstuk 5 of ander Plaaslike Oorgangsrade soos van tyd tot tyd bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur in ooreenstemming met die Plaaslike Owerheid Verkiesingsregulasies.

(e) die distriksrade sal, ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), en die Ordonnansie op Verdeling van Grond 1986 (Ordonnansie no 20 van 1986), gemagtigde Plaaslike Besture vir die doeleindes van die genoemde Ordonnansies in die regsgebied beskryf in hoofstuk 5 wees.

(f) die distriksrade sal plaaslike owerhede soos bedoel in Deel 1 van die Sesde Bylae van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, in die gebied soos beskryf in hoofstuk 5 wees.

(3) Nieteenstaande die bepalings van Administrateurskennisgewing No 120/1994 gepubliseer in die Provinsiale Koerant van 13 April 1994, sal die distriksrade vir die doeleindes van Artikel 2(1) van die Wet op Besighede, 1991 (Wet No 71 van 1991), geag word 'n lisensie-owerheid te wees vir die gebiede soos beskryf in Hoofstuk 5.

(4) 'n Distriksraad sal die volgende spesifieke funksies, magte en pligte uitvoer:

(a) Die magte en pligte genoem in skedule 2 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(b) die funksies, magte en pligte genoem in die Wet op Streeksdiensterade, 1985, soos gewysig.

(c) die funksies, magte en pligte genoem in die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Administrasie Volksraad), 1989, en

(d) die implementering van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram vir die Landelike Gebied.

(5) Onderworpe aan die bepalings van enige wetgewing wat betrekking het op plaaslike owerhede, mag 'n distriksraad enige van sy funksies, pligte of bevoegdhede of die uitvoering van enige wetgewing toepaslik op sodanige distriksraad, aan 'n komitee of enige persoon in sy administrasie delegeer.

(6) Die Noordelike Provinsie sal 'n bedrag bepaal deur sy departement verantwoordelik vir finansies aan die distriksrade toeken vir die uitvoering van funksies in daardie gebiede wat voor 6 Februarie 1995 geleë was buite die regsgebied van die onderskeie streeksdiensterade.

Rekenpligtigheid

8. Die hoof uitvoerende beampte/stadsklerk van elke distriksraad sal vir die doeleindes van hierdie Proklamasie, al die funksies, pligte en bevoegdhede toegewys aan 'n hoof uitvoerende beampte/stadsklerk ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Munisipale Verkiesingsordonnansie, 1970 (Ordonnansie No 16 van 1970) of enige ander wet of enige besluit van die ontbinde diensterade, gesondheidskomitees en die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede verrig.

Werknemers en amptenare van die distriksrade.

9. Die personeel van die ontbinde Diensterade, Gesondheidskomitees en Plaaslike Gebiedskomitees sal, vanaf die effektiewe datum geag word die personeel van die onderskeie distriksrade te wees, onderworpe aan die bepalings van artikel 10(3)(j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

Oordrag van bates, aanspreeklikhede, regte, verpligtinge en regsopvolging (opvolger-in-reg).

10. (1) Alle bates, aanspreeklikhede, regte en verpligtinge van die ontbinde Diensterade, Gesondheidskomitees en die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede sal vanaf die effektiewe datum, vir die doeleindes van hierdie Proklamasie, oorgedra word aan die onderskeie distriksrade.

(2) Die distriksrade sal, vanaf die effektiewe datum, vir die doeleindes van hierdie Proklamasie, geag word die opvolger-in-reg van die ontbinde Diensterade, Gesondheidskomitees en die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede te wees.

Verordeninge, regulasies, statutêre kennisgewings en delegasies

11. Onderworpe aan die bepalings van hierdie Proklamasie sal alle verordeninge regulasies, besluite, statutêre kennisgewings en delegasies van die ontbinde Diensterade, Gesondheidskomitees en die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede wat onmiddellik voor die effektiewe datum van toepassing was in enige gebied. van die genoemde ontbinde plaaslike bestuursliggame, van krag bly in sulke gebiede onderworpe aan die herroeping of wysiging van sulke verordeninge, regulasies, besluite, statutêre kennisgewings en delegasies deur die distriksrade.

HOOFSTUK 5

PLAASLIKE OORGANGSRADE

Stigting van Plaaslike Oorgangsrade

12. (1) Plaaslike Oorgangsrade sal gestig en geproklameer word soos nodig geag deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur ingevolge die bepalings van artikel 10(3) van die Oorgangswet op Plaaslike Bestuur, 1993, soos gewysig.

(2) In ooreenstemming met die bepalings van artikel (1), word Plaaslike Oorgangsrade, soos aangedui in Aanhangsel "C" hiermee ingestel.

(3) Ingevolge Artikel 10(3)(g) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993 (Wet 209 van 1993), soos gewysig, (behoorlik daartoe gemagtig ingevolge Kabinetsbesluit 80/1994 gedateer 25 Oktober 1994) word die Plaaslike Oorgangsrade gemeld in subklousule (2) onderskeidelik in wyke afgebaken soos aangedui in Bylae D.

Konstituering van Plaaslike Oorgangsrade

13. (1) Elke plaaslike oorgangsraad soos genoem in Aanhangsel "C" sal binne veertig dae na die plaaslike bestuursverkiesing, tydens 'n spesiale vergadering van die raad, 'n voorsitter en onder-voorsitter vir elke raad vanuit die lede van sodanige raad verkies op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n burgemeester en onderburgemeester in artikel 16 en 17 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die hoof uitvoerende beamptes van die distriksrade sal respektiewelik optree as hoof uitvoerende beampte/stadsklerk vir die doeleindes van artikel 16 en 17 van die Plaaslike Bestuursordonnansie 1939, vir elkeen van die rade ingestel ingevolge artikel 12.

Toelaes van lede

14. Die lede van die plaaslike oorgangsrade ingestel ingevolge artikel 12 sal vergoeding, toelaes en reisuitgawes ontvang soos bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Regering.

Funksies, bevoegdhede, pligte en regte

15. Die funksies, bevoegdhede, pligte en regte van die plaaslike oorgangsrade ingestel ingevolge artikel 12 sal in ooreenstemming wees met die bepalings van artikel 7(2) (c) hierbo.

Finansies

16. (1) Die inkomste van die plaaslike oorgangsrade ingestel ingevolge artikel 12 sal bestaan uit -

(a) eie bronne van inkomste soos goedgekeur deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Regering;
gangsrade;

(b) toekennings van die onderskeie distriksrade;

(c) toekennings van die Noordelike Provinsie

(2) Vir die doeleindes van hierdie Proklamasie, sal die bepalings van artikel 12 *ter* van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, *mutatis mutandis* van toepassing wees.

Pre-interim reëlings vir die Plaaslike Oorgangsrade vir 'n landelike gebied in die Noordelike Provinsie.

17. Nieteenstaande die bepalings van artikel 2(2) hierbo, sal die Oorgangsrade vir 'n Landelike Gebied van Plaaslike Regering soos geproklameer in Proklamasie no 10/1995, bly voortbestaan vir die pre-interim fase soos bedoel in die Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993 en onderworpe aan die bepalings van Artikel 18 hieronder.

18. Gedurende die pre-interim fase sal die bepalings van artikels 12, 13, 14, 15, 16 en 17 van die herroepte Proklamasie no 10/1995 gedateer 6 Februarie 1995 soos gewysig deur Proklamasie no 30/1995 gedateer 26 Junie 1995 geag word van toepassing te wees op die Oorgangsrade vir die Landelike Gebied van Plaaslike Bestuur soos geproklameer in die genoemde Proklamasie no 6/1995.

HOOFSTUK 6

RAAD OP PLAASLIKE BESTUURSAANGELEENTHEDE

Vrystelling van die funksies, magte en pligte van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede.

19. (1) Die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede sal, nieteenstaande enige bepalings vervat in die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Administrasie Volksraad), 1989 (Wet No 84 van 1989), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No 20 van 1943), vanaf die effektiewe datum vrygestel word van die uitvoering van al sy funksies, magte en pligte met betrekking tot die gebied beskryf in artikel 5.

(2) Die distriksrade sal vir alle doeleindes geag word die opvolger-in-reg van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede te wees, met betrekking tot enige magte, funksie, pligte, bate, reg, verpligting en aanspreeklikheid binne die regsgebied van die distriksrade soos genoem in artikel 5.

(3) Nieteenstaande die bepalings van artikel 159*bis* (2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939 (Ordonnansie No 17 van 1939), sal alle besluite, verordeninge, delegasies, stadsbeplanningskemas en statutêre kennisgewings van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede en die Gesondheidskomitees met betrekking tot die gebiede genoem in artikel 5 van krag bly in die genoemde gebiede, totdat dit gewysig of herroep word deur die distriksrade.

(4) In die geval van die toedeling van enige bates, regte en aanspreeklikhede, insluitend die oorname deur die distriksrade van enige werknemers met betrekking tot die gebiede genoem in artikel 5, sal die bepalings van artikel 159*bis* van

die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 *mutatis mutandis* van toepassing wees.

HOOFSTUK 7

ALGEMEEN

Aantal Distriksrade

22. Nieteenstaande die bepalings van hierdie Proklamasie dat twee distriksrade gestig word ingevolge artikel 4, mag die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur die aantal distriksrade gedurende die interim fase soos voorsien in die Oorgangswet op Plaaslike Regering 1993, verminder of vermeerder.

Derdevlak funksies verrig deur die voormalige Transvaalse Provinsiale Administrasie, Venda, Gazankulu en Lebowa

21. (1) Onderworpe aan die bepalings van Artikel 7(2)(c) word die plaaslike bestuursfunksies verrig deur die voormalige Venda, Gazankulu, Lebowa en die Transvaalse Provinsiale Administrasie hiermee aan die distriksrade opgedra.

(2) Die verdeling van alle bates, regte en bevoegdhede, insluitend die oorname van enige werknemers en finansiële reëlings in verband met die gebiede genoem in subartikel (1) sal gedoen word deur 'n kommissie aangestel deur die Lid van die Uitvoerende Raad vir Grondsake, Behuising en Plaaslike Bestuur.

Effektiewe datum

24. Hierdie Proklamasie sal in werking tree op 31 Julie 1995.

ANNEXURE A

1. CENTRAL DISTRICT
   - 1.1 Dendron
   - 1.2 Greater My Darling
   - 1.3 Greater Maraba/Mashashane
   - 1.4 Greater Maja
   - 1.5 Greater Mankweng
   - 1.6 Greater Kalkfontein/Dikgale
   - 1.7 Greater Soekmekaar
   - 1.8 Greater Moletjie
   - 1.9 Greater Bochum
   - 1.10 Greater Matlala

2. BOSVELD DISTRICT
   - 2.1 Ellisras
   - 2.2 Greater Northam
   - 2.3 Greater Vaalwater

3. WESTERN DISTRICT
   - 3.1 Koedoesrand/Rebone
   - 3.2 Bakenberg
   - 3.3 Lepelle/Elandskraal

4. LOWVELD DISTRICT
   - 4.1 Greater Giyani
   - 4.2 Greater Haenertsburg
   - 4.3 Greater Makhutswi
   - 4.4 Greater Gravelotte
   - 4.5 Greater Hoedspruit
   - 4.6 Bolobedu/Hlanganani
   - 4.7 Bolobedu Central/South
   - 4.8 Mooketsi/Sekgosese 2
   - 4.9 Greater Letsitele

5. NORTHERN DISTRICT
   - 5.1 Greater Alldays
   - 5.2 Greater Tshipise
   - 5.3 Levubu-Shingwedzi
   - 5.4 Greater Thohoyandou
   - 5.5 Greater Nzhelele
   - 5.6 Greater Elim
   - 5.7 Greater Mutale
   - 5.8 Greater Masisi
   - 5.9 Greater Levubu/Vuwani
   - 5.10 Greater Tshitale/Hlanganani
   - 5.11 Greater Vhutswera

6. SOUTHERN DISTRICT

6.1 Greater Lebowakgomo
6.2 Fetakgomo
6.3 Dilokong
6.4 Tubatse/Steelpoort
6.5 Eastern Tubatse
6.6 Ohrigstad
6.7 Makhuduthamaga
6.8 Ngwaritsi
6.9 Greater Hlogotlou
6.10 Greater Nebo North
6.11 Noko-Tlou

7. MALA DISTRICT

7.1 Bushbuckridge North
7.2 Bushbuckridge Midland
7.3 Bushbuckridge South

BYLAE A

1. SENTRALE DISTRIK

1.1 Dendron
1.2 Groter My Darling
1.3 Groter Maraba/Mashashane
1.4 Groter Maja
1.5 Groter Mankweng
1.6 Groter Kalkfontein/Dikgale
1.7 Groter Soekmekaar
1.8 Groter Moletjie
1.9 Groter Bochum
1.10 Groter Matlala

2. BOSVELD DISTRIK

2.1 Ellisras
2.2 Groter Northam
2.3 Groter Vaalwater

3. WESTELIKE DISTRIK

3.1 Koedoesrand/Rebone
3.2 Bakenberg
3.3 Lepelle/Elandskraal

4. LAEVELD DISTRIK

4.1 Groter Giyani
4.2 Groter Haenertsburg
4.3 Groter Makhutswi
4.4 Groter Gravelotte
4.5 Groter Hoedspruit
4.6 Bolobedu/Hlanganani
4.7 Bolobedu Central/South
4.8 Mooketsi/Sekgosese 2
4.9 Groter Letsitele

5. NOORDELIKE DISTRIK

5.1 Groter Alldays
5.2 Groter Tshipise
5.3 Levubu-Shingwedzi
5.4 Groter Thohoyandou
5.5 Groter Nzhelele
5.6 Groter Elim
5.7 Groter Mutale
5.8 Groter Masisi
5.9 Groter Levubu/Vuwani
5.10 Groter Tshitale/Hlanganani
5.11 Groter Vhutswera

6. SUIDELIKE DISTRIK

6.1 Groter Lebowakgomo
6.2 Fetakgomo
6.3 Dilokong
6.4 Tubatse/Steelpoort
6.5 Eastern Tubatse
6.6 Ohrigstad
6.7 Makhuduthamaga
6.8 Ngwaritsi
6.9 Groter Hlogotlou
6.10 Groter Nebo North
6.11 Noko-Tlou

7. MALA DISTRIK

7.1 Bosbokrand-Noord
7.2 Bosbokrand-Middellande
7.3 Bosbokrand-Suid

BYLAE B

1. **SENTRALE DISTRIK - DISTRIK 1**

Begin by die suidwestelike baken, in die Mogalakwena rivier, van die plaas Vesuvuis 239-LR; hiervandaan algemeen ooswaarts, noordwaarts, noordooswaarts, ooswaarts, noordwaarts, ooswaarts en suidooswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit by hierdie gebied ingesluit word; genoemde plaas Vesuvuis 239-LR, Kaalplaats 248-LR, Hebe 249-LR, Plato 253-LR, Tuiskom 255-LR, The Glen 259-LR, Glenferness 1-LS, Mon Plaisier 8-LS, Urk 10-LS en Schiermonikoog 16-LS tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde plaas; Hiervandaan verder algemeen suidwaarts, ooswaarts, suidwaarts, weswaarts, suidweswaarts, ooswaarts, suidweswaarts, ooswaarts en suidwaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit by hierdie gebied ingesluit word; genoemde plaas Schiermonikoog 16-LS, Sandown 19-LS, Zwartpan 21-LS, Duvenagespan 23-LS, Maroelapan 67-LS, Carlton 70-LS, die westelike gedeelte van Jongdraai 81-LS, Fraaituin 104-LS, Welvarend 167-LS, Badburg 168-LS, Baviaanspoort 130-LS, Bloempjes Vley 125-LS en New Hanover 124-LS, tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen ooswaarts, suidwaarts, suidooswaarts, suidwaarts, en ooswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase Hugomond 118-LS, Combrais 352-LS, Commissiedraai 354-LS, Bok 356-LS, Zwartkopjes 438-LS, Mooimeisiesdraai 439-LS, Legkraal 440-LS, Ringeveld 458-LS en Haakdoorndraai 459-LS, tot by die noordoostelike baken, (in die Sandrivier), van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen noordwaarts, ooswaarts, noordooswaarts, suidwaarts en ooswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase De Onderste Wagendrift 464-LS, Matok 491-LS, The Grange 471-LS, Ramagoep 774-LS, Matjesgoedfontein 513-LS, en Droogeloop 516-LS, tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan noordwaarts, suidooswaarts, noordwaarts, ooswaarts, noordwaarts, suidooswaarts en ooswaarts met die grense van die volgende plase en gedeeltes van plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; genoemde plaas Droogeloop 516-LS, Rietfontein 490-LS (die noordwestelike gedeelte uitgesluit), Gedeeltes 6, 13, 14, 15 en 16 van die plaas Doornhoek 480-LS, en Wakkerstroom 484-LS, tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan ooswaarts, noordwaarts, oos-waarts, suidweswaarts, ooswaarts, suidwaarts, noordooswaarts en ooswaarts met die grense van die volgende plase en gedeeltes van plase langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word; Gedeeltes 5, 6 en Restant van Gedeelte 10 van die plaas Rietvlei 130-LT en Gedeelte 3 van die plaas Setali 131-LT, tot by die suidoostelike baken, van laasgenoemde gedeelte 3: Hiervandaan algemeen suidwaarts, suidweswaarts, weswaarts, Suidweswaarts, ooswaarts, suidwaarts en suidweswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; Gedeeltes 2 en 4 van genoemde plaas Setali 131-LT, die plase Setali 167-LT, Doornboom 168-LT, Welgevonden 485-LS, Zevenfontein 486-LS, Middagson 524-LS, Boschkloof 174-LT en Kranskop 177-LT, tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen suidooswaarts, suidwaarts, suidweswaarts, suidwaarts, weswaarts, suidwaarts en suidweswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase Dassieshoek 339-LT, Boschluishoek 377-LT, Roodedraai 378-LT, Pelgrimsrust 782-LS, Helpmalkaar 819-LS, Uitspanning 820-LS, Wilgeboschfontein 818-LS,

Bloemtuin 828-LS, Bloomfield 829-LS, Net Recht 832-LS, Kraalhoek 869-LS en Vierhoek 865-LS, tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen suidooswaarts, ooswaarts, suidwaarts, suidooswaarts, suidwaarts, weswaarts, suidwaarts en weswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase Dikgale, Doornfontein 912-LS, Spitskop 911-LS, Mabul 986-LS, Bergvlei 984-LS, Spitskop 1011-LS, Voetpad 1012-LS, Driekop 1010-LS, Rondeklip 1009-LS, Meriba 1008-LS, Schilderkrans 1041-LS en Bergvlei 1045-LS, tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen suidwaarts, suidweswaarts, suidwaarts, suidweswaarts, noordwaarts en suidweswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase Laaste Hoop 1054-LS, Molepos Location 187-KS, Zamenloop 188-KS, Molepos Location 187-KS, Malipspoort 237-KS, Driehoek 236-KS, Kliphoek 238-KS, Baviaanskrans 241-KS, Kranskloof 251-KS, M'Phatlelespoort 266-KS, Aasvogelkrans 265-KS, Schoonheid 263-KS, Vrederust 75-KS, Soetfontein 76-KS, Vrederust 84-KS, Welgevonden 85-KS, Doornrivier 86-KS, Frischgewaagd 88-KS en Witkoppies 89-KS tot by die mees suidelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen noordweswaarts, noordwaarts, noordweswaarts, noordwaarts en noordooswaarts, weswaarts noordooswaarts en weswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit by hierdie gebied ingesluit word; genoemde plaas Witkoppies 89-KS, Marsfontein-91-KS, Highlands 60-KS, Rietfontein 34-KS, Eersteling 17-KS, Rietvley 13-KS, Rotterdam 12-KS en Paddadorst 729-LS tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen noordweswaarts, noordwaarts, noordweswaarts, noordooswaarts en noordweswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; genoemde plaas Paddadorst 729-LS, Drieangel 728-LS, Suikerboschplaats 727-LS, Elandsfontein 725-LS, Doornfontein 724-LS, Mars 718-LS, Jupiter 717-LS, Matalas 591-LS en Goedgevonden 732-LR, tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen suidweswaarts, noordwaarts, noordooswaarts, noordweswaarts, noordooswaarts en noordweswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat dit in hierdie gebied ingesluit word; die plase Elberfield-731-LR, Goedgevonden 732-LR, Schoongelegen 695-LR, La Pucilla 693-LR, Schalfhausen 689-LR, Nonnenwerth 421-LR, Aurora 397-LR, Cracouw 391-LR en Bayswater 370-LR, tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas: Hiervandaan algemeen weswaarts en noordwaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat dit by hierdie gebied ingesluit word; die plase Mons 348-LR, Zwart 349-LR, Ontbyt 329-LR, Driekoppies 306-LR, Papegaai 305-LR, Kranskop 278-LR, Vergelegen 277-LR, Grootdraai 275-LR, Diepsloot 274-LR, Wagendrift 244-LR en Zeist 240-LR, tot by die suidwestelike baken, in die Mogalakwenarivier, van die plaas Vesuvius 239-LR, die beginpunt.

ANNEXURE B

1. CENTRAL DISTRICT - DISTRICT 1

